

**Sondag 21 Desember**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 3**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 3**

**Jy ontvang die ewige lewe uit genade**

Vir die jong gemeente wat in 48 nC deur Paulus op sy eerste sendingreis gestig is, skryf hy hierdie brief 'n jaar later. Die rede? Dwaalleraars van die Judaïsme het die gemeente binnegekom sodat Paulus die probleem haastig met 'n teregwysing moes aanspreek.

Die dwaling was dat hulle die wet van die Here en die nakoming daarvan bokant die geloof in Jesus Christus alleen gestel het. Daarom reageer hy heftig in Galasiërs 3:2-6 op die verkeerdheid van hulle leer. Die nakoming van die wet van die Here en die besnydenis wat seuns moes ondergaan, was vir hulle die kern van die verhouding met God.

Dit staan lynreg teenoor dit wat Paulus aan hulle verkondig het. Hy het aan hulle verkondig dat die Heilige Gees die harte van die gelowiges nuut maak sodat hulle deur sy werk in Jesus Christus glo. Christus koop die gelowiges los van die vloek van die wet sodat hulle die belofte van die Heilige Gees deur die geloof ontvang. Die Heilige Gees spoor aan en werk in die nuwe harte die dankbaarheid dat die gelowiges die vrypraak het. Nou is die wet alleen die reël waaraan jy jou dankbaarheid meet. Jy hoef nie jou saligheid te verdien nie, maar jy kan daarmee sien hoe jy vorder op jou pad van die heiligmaking. Hoe jy meer en meer doen om te betuig dat jy in Christus glo en God liefhet.

Die wet het jou as gelowige geleer as tugmeester of onderwyser dat die Seun van God jou enigste Here is wat jou kan verlos van die sonde en die dood. Dat jy die ewige lewe uit genade ontvang en nie omdat jy dit verdien nie, want jy kan nie. Nie wie jy is of jou afkoms bepaal jou saligheid nie, maar wie jy in jou hart voor God is – 'n afhanklike kind!

*Sing: Psalm 2-1:6*

*Ds. SD (Vasie) de Kock (Emeritus)*